

Graad 2: Maandag, 25 Mei 2020

Die storm

Gister, toe Bongi van die skool af huis toe geloop het, het dit begin reën. Dit het groot blou druppels gereën. Bongi se hemp en romp het sopnat geword.

Sy was bang vir die weer wat so geblits het. Die groot reëndruppels het haar gesig getref. Sy was alleen en het nie geweet wat om te doen nie. Sy het begin huil. Sy was bang dat sy nie veilig by die huis sou kom nie.

Bongi het vir Ben, haar hond, sien aankom. Hy het 'n groot sambreel in sy bek gehad. Sy was baie bly om hom te sien.


Bongi was dankbaar dat sy uiteindelik by die huis was. Sy het dadelik gebad en voor die warm vuur gaan sit. Haar mamma het vir haar bruinbrood en warm sjokolade gegee.

Beantwoord die volgende vrae mondelings:

1. Watter klere het Bongi aangehad toe sy huis toe geloop het?
2. Waarvoor was Bongi bang?
3. Wie is Ben?
4. Hoekom was Bongi bly om vir Ben te sien?
5. Wat het Bongi se mamma vir haar gegee?

Graad 2: Dinsdag, 26 Mei 2020

Die seisoene



Jabu

Ek hou van herfs, want die blare verkleur en dit is vir my mooi. Ek hou nie daarvan om in die winter skool toe te stap nie, want dit is te koud.

Ek hou van die somer, want ek hou van swem. Ek hou ook daarvan om te swaai en aan 'n smaaklike roomys te smul.



Anita



Sarel

Ek hou van die lente, want ek hou daarvan om te kyk hoe die paddavissies in die dam swem. Die bome wat bot het pragtige bloeiesels.

Ek hou van die koue winter. My gunsteling ding van die winter is wanneer ons warm sjokolade met malvalekkers in drink terwyl ons televisie kyk.



Bonggi

Beantwoord die volgende vra mondelings:

1. Hoekom hou Jabu van herfs?
2. Waarom wil Jabu nie in die winter skool toe stap nie?
3. Waarvan hou Anita alles in die somer?
4. Hoekom hou Sarel van die lente?
5. Wat is Bonggi se gunsteling ding van die winter?

Graad 2: Woensdag, 27 Mei 2020

Dit sneeu

Ek het by my ouma gaan kuier. Sy woon hoog in die Drakensberg. Dit was yskoud. My ouma het baie komberse oor my gegooi toe ek gaan slaap het.

Die volgende oggend toe ek opstaan, het ek gesien die sneeu lê spierwit. Daar was sneeu op die stoep, sneeu by die stoor, sneeu op die gras en sneeu op die takke van die bome.

Ek wou in die sneeu gaan speel. Ek moes die deur oopstoot om te kon uitgaan. Die sneeu was so koud dat dit my vingers gebrand het.

Selfs Ben kon nie op die koue sneeu loop nie. Hy het op die stoel gespring. My slim ouma het gesê ek moet sokkies oor my hande trek, want ek het nie handskoene gehad nie. Ek het 'n sneeuman gebou.

Beantwoord die volgende vrae mondelings:


1. Waar woon my ouma?
2. Hoe het ek warm gebly terwyl ek slaap?
3. Waar was daar oral sneeu?
4. Watter plan het Ben gemaak toe hy nie op die sneeu kon loop nie?
5. Watter plan het my ouma gemaak om my hande warm te hou?

Cars



Jim drives a blue car.

Kate likes to drive
her red car.



Flipper the frog has a car.
His car is green.

The monster drives
his car to the store.
His car is orange.

















Answer the following questions orally:

1. Who has a blue car?
2. Which animal has a green car?
3. What colour is Kate's car?
4. Who drives an orange car?
5. Where does the monster drive his car to?

Vrydag, 29 Mei 2020

Kom ons probeer vandag iets anders. As jy hiermee sukkel, vra vir Mamma/Pappa om dit eers een keer saam met jou te lees sodat jy dit mooi kan verstaan. Lekker lees en geniet hierdie aktiwiteit!

The Beach

I like to go to the . The  is hot at the . I can find pretty  at the . It is fun to  at the . I can make a  at the . I like to play with my big  at the . It is fun to go to the . What do you like to do at the ? Can you go with me to the ? We will have fun!

Key:

